


# KOERSVAS

Jaargang 7      Uitgawe 160   10 Mei 2019



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Ghoema Oikofobia

Vandag se manipuleerder is baie lief om van etikette gebruik te maak om mense in hoeke te dryf. Met gebruikmaking van terme soos 'homofobies', 'ver regs', radikale ondersteuners', 'rassisties', 'fanatiese gelowige' en vele ander word mense op die defensief geplaas oor hulle eie oortuigings. Dit is nie eens meer moontlik om 'n blatante rassistiese beleid soos 'transformasie in sport' te kritiseer sonder verontskuldiging nie. Jy kan nie stel dat dit rassisme is om kwotas ten opsigte van velkleur in enige span af te forseer nie. Nee, jy moet eers duidelik getuig dat jy geen rassistiese been in jou lyf het nie en dat jy dan net wonder oor die beleid.

Die manipuleerders het ten doel om 'n nuwe gemeenskap te skep deur middel van sosiale herrangskikking of transformasie (*social engineering*). Die ideaal van 'n sogenaamde reënboognasie word bevorder deur die stok en die wortel. Al die stories, al die nuus, al die advertensies en ander platvorms vir vermaak word ingespan om mense aan te moedig om in te val by die nuwe deuntjie. Modelling en astante storielyne stuur die nasie in een rigting. Dit beteken dat sekere storielyne, sekere metafore en denkpatrone nou

onaanvaarbaar is. Die stok word op verskillende maniere gebruik; weerhouding van tenders, boikotte, borge wat onttrek, mense wie se uitnodigings herroep word en selfs gewelddadige optredes word ingespan. So word almal as "toekoms burgers" inforseer by die kulturele Marxisme wat die mense agter die skerms en ander manipuleerders ten grondslag lê. Hierdie neutrale, gesteriliseerde toekoms mens praat 'n neurale Afrikaans wat verwyderd is van die Groot Trek en die taalstryd, verwyderd is van Calvinistiese werksetiek, verwyderd van alles wat die Afrikaner uniek maak. In hulle nuwe bedeling gaan dit nie om gelykheid van geleentheid nie, dit gaan om gelykheid van uitkoms. In hierdie scenario moet niks en niemand uitstaan nie. Die Ghoema-petalje met Steve in die visier is die nuutste voorbeeld. Die een hoofborg het sonder inagneming van ander partye se denke en oortuigings gedreig om te onttrek indien mnr Hofmeyr se nominasie nie teruggetrek word nie. Hy pas nie in by "hulle" idee van nasiebou nie. In die koerante het hulle onsuksesvol probeer aandui dat dit nie oor Afrikaans gegaan het nie, maar oor Steve en sy (volgens hulle) radikale uitsprake. Enige meester leuenaar sal jou vertel die beste leuens het 'n goeie porsie waarheid in. Hier is dit ook die geval. Dit

gaan oor Steve en nie Afrikaans nie: Dit gaan beslis oor Steve en Afrikaans. Aan die een kant gaan oor Steve, maar die groter prentjie is dat dit gaan om die manier waarop Steve ons taal besig. Die Afrikaans wat hy praat, is vol trots, nasiebou en selfhandhawing. Dit is 'n Afrikaans wat nie die hele son opeis nie, en tog ook aanspraak maak op 'n plekkie in die son. Die Afrikaans wat mense soos Steve praat, aanvaar nie gelate die ideologie van die dag nie. Hierdie Afrikaans is trots op 'n gelowige verlede wat dien as basis vir 'n vertroue die toekoms in. Hierdie Afrikaans se prentjie van nasiebou is een van vreedsame naasbestaan waar alle partye mekaar met respek behandel en elkeen sy eie menswees toegelaat word. Dit put uit die verlede en omskep kreatief in antwoord op die eise van die toekoms.

Dit is nie net Steve Hofmeyr wat hierdie Afrikaans praat nie- dit is duidelik uit die ondersteuning wat hy kry uit vele oorde. Diegene wat nie met hom saamstem nie, is welkom om hewig van hom te verskil. Moet hom en die ander soos hy net nie hulle stemme ontnem nie. Om in stryd met hierdie Afrikaners te wees, is om in stryd met 'n belangrike storielyn in die Afrikaner se bestaansnarratief te wees. Dit is om in stryd met 'n aansienlike deel van die Afrikaner gemeenskap te wees.

Dit bring ons by die mense wat ly aan oikofobia. Aanvanklik het die term verwys na mense wat 'n irrasionele vrees het vir die huis en/of alles wat met die huishouding te make het. In 1808 is die term reeds gebruik om mense met 'n ontembare *wanderlust* te beskryf. Van die begin van hierdie millennium af word die term gebruik om mense te beskryf wat in die stryd tussen "ons en hulle" altyd "hulle" kant kies, selfs teen eie belange in. Dit is die behoefte wat

sommige mense het om hulle eie tradisies en kultuur, hulle eie instansies en situasie af te maak as sleg. Dit is 'n ongesonde selfhaat wat ontslae wil raak van alles wat eie en uniek is. Is dit nie wat by die Ghoemas gebeur het nie?

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **BONDSVERGADERING 2019**

Die Bondsvergadering vind hierdie jaar 8-10 September te Premiemyn (in Cullinan) plaas. Maak seker dat u datums beplan en reëlings (vervoer en behuising) getref is. Meer inligting insake akkommodasie en die program volg ...

### **TUINROETEBEDIENING**

Sondag, 5 Mei 2019 was weer eens 'n besondere geleentheid. Dit was ons voorreg om die Here, saam met die Tuinroete-Geloofsbond-lidmate, te loof.

Danksy oom Bokkie en tannie Miriam het ons by die *Blue Mountain Retirement Village* in George 'n volhoubare aanbiddingsruimte gevind.

Hierdie lieflike plek (met 'n kaggel vir die winter; 'n televisie en gevestigde klanksisteem) word kosteloos tot ons beskikking gestel en kan selfs weekliks gebruik word. Dit is sentraal en maklik toeganklik.

So word ook 'n spesialis bedieningsgeleentheid geskep deurdat ander inwonende senior burgers wat sukkel met vervoer ook (in hul eie woorde) "deel kan hê aan die stigtelike Woordverkundiging wat opreg waardeer kan word".

Natuurlik is daar, soos gewoonlik, deur die Tuinroete-dames reggestaan met heerlike warm koffie en keurige, smaaklike eetgoed.

Hierdie Sondag, 12 Mei 2019, maak ons DV weer so. Saam met medegelowiges sal ons dankbaar vir Sy genade om die Nagmaaltafel aansit, en die geleentheid gepas afsluit met 'n gemeenskapsmaal.

Yvette Otto 9 Mei 2019

### **VOLKSHULP 2000 BEURSE**

Vir aandag: Predikante, Kerkrade en Lidmate van Geloofsbond-gemeentes, Aansoeke word ingewag vir Volkshulp2000 en De Witt Meintjies Trust studiebeurse. Met hierdie beurse wil Volkshulp2000 behoeftige studente op veral sekondêre en tersiêre vlak bystaan. Aansoekers moet bewys lewer van goeie akademiese prestasie by 'n erkende instansie. Die volgende ondersteunende inligting moet die aansoek vergesel:

Motiveringsbrief, Afskrif van identiteitsdokument. Bewys van adres, Getuigskrifte (Predikant, werkgewer onderwyder/dosent), Rekord van akademiese prestasie, 3 Maande salarisstrookies of ander bewyse van inkomste, 3 Maande bankstate

Aansoeke om afslag of vryskelding van studiegeld (indien enige)

Ander beurse of finansiering (huidig of nuwe aansoeke)

Voltooi die aansoekvorm en stuur saam met al die nodige aanhangsels per epos aan: [studiehulp@volkshulp.org.za](mailto:studiehulp@volkshulp.org.za)

Alle aansoeke moet Volkshulp2000 bereik voor of op 31 Mei 2019.

(Slegs volledige aansoeke per epos aan bogenoemde adres sal oorweeg word.)

Volkshulp 2000 is die enigste hulporganisasie wat uitsluitlik fokus op hulpverlening aan volksgenote. Hulle is geheel en al afhanklik van skenkings van individue en organisasies om hierdie hulp te

verleen. Ondersteuning is beide finansiële, sowel as met goedere (bv. klere en kos). Besoek gerus Volkshulp2000 se webblad (<https://www.volkshulp2000.org.za/>) of bakkiesblad (<https://www.facebook.com/Volkshulp2000.amptelik/>) vir meer inligting oor wat hulle doen en hoe om te help of betrokke te raak!

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### **KREMETARTFEES 2019**

Onthou die Kremetartfees 14-15 Junie 2019 te Musina.

### **OORNAG FASILITEITE**

#### **Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke

- Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorie boeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

VLEISRAS  
LANDRAS**1/2 OF HEEL VARK TE KOOP****PRYS: R40 p/kg****DATUM VAN AFLEWERING:** Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is**AFLEWERINGSPUNT:** Pretoria soos ooreengekom**BETALING:** EFT**BEPERKTE VOORRAAD**9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe  
tussen 25- en 35kg

7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg

**ONDERSTEUN JOU  
SAK EN DIE BOER  
&  
BESTEL DIREK VAN  
DIE BOER**

Varke word opgesaag  
soos versoek!

**PLAAS BESTELLING BY  
RONÉL SELNO. 0827873680**

**Hervormde Gemeente Vrede****Voël jag ter waarde van R9 000 - 3 jagters***Pryse is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.*

Die beoordelaars se beslissing is finaal.  
Trekking vind plaas op 15 Junie 2019

**JAGPAKKET:**

19-20 Julie 2019

Akkommodasie by Waterfront  
Gastehuis te Emanzini, Vrede

1ste Prys: Tarentale  
Fisante  
Patryse

2de Prys: 1 Blesbokkarkas

3de Prys: Slagvark

**BANKBESONDERHEDE:**

Hervormde Gemeente Vrede  
Standard Bank

Tjek 042096030

Vrede 051 001

Verwysing: Naam, Van en seinnr.

Stuur bewys van betaling na

ernst.bosveld@gmail.com

Ernst Lombard: 082 645 1343

**R200** per kaartjie



Hoërskool Eric Louw Terrein

# kremetartfees <sup>2019</sup>




**14 & 15 JUNIE 2019**



**14 Junie @ 19:00 BRENDAN PEYER**

Spaar en kry jou  
Naweek Pakket-kaartjie vroegetydig by  
MESSINA APTEEK of by NOENA 084-452-0321  
Kaartjies volwassenes @ R160  
Laerskoolkinders @ R90  
voorskool gratis



**15 Junie @ 19:00 BOK VAN BLERK**

**VETERAAN  
MOTOR  
UITSTAL-  
LING**



**STALLETJIE & TAFEL BESPREKINGS KOEKIE 076 649 1461**